Uitgawe 1 2015
Kwartaal 1

Hoërskool Zastron

# Die Eggo

## ZASSIES nuus nuus nuus



Fun Fact: Sy het haar bynaam, "Flos" by n familielid gekry toe sy nog 'n baba was.

**Wat Hoërskool Zastron se eerste gedagte is as hul die woord FLOS hoor**

* Onderwyser - Grapperig
* Matriek - Liefdevol
* Gr. 11 - Vriendelik
* Gr. 10 - Geduldig
* Gr. 9 - Maak my bang
* Gr. 8 - Dissipline
* Gr. 7 - Netjies
* Gr. 6 - Baie fiks!
* Gr. 5 - Ernstig
* Gr. 4 - Kwaai
* Gr. 3 - Praat nooit
* Gr. 2 - Watter juffrou?
* Gr. 1 - Ek weet nie!

## In hierdie uitgawe


| | |
|---|---|
| Mammazazz | 5 |
| 1 2 3 STOOT!! | 8 |
| Die vreemde skool | 9 |
| Blouroktronk | 15 |


# 'n Legende lê haar rooipen neer...

Net soos wat 'n skoolmeisie se hare uit haar oë moet wees en 'n skoolseun se das reg gevou moet word, net so gaan ons skool nou 'n leemte ervaar. Juf. Flos is nie net 'n juffrou nie, vir baie was sy 'n tuiste, 'n omgee-kombers, 'n lag in 'n traan en 'n juffrou wat harte geraak het. Na 31 jaar gaan sy nou die rooipen bêre en ons harte is seer. Gelukkig weet ons waar sy bly en weet ons ook sy sal ons met ope arms ontvang vir 'n kuier en koffie! Dankie, vir dit wat Juffrou vir ons beteken het!



**Ek het vir 'n paar leerders gevra of hulle dalk weet wat juffrou Flos Van Zyl se regte naam is. Party van hulle het my snaaks aangekyk, party het nie eers geweet dat sy 'n ander naam het nie! 'n Paar van hul antwoorde was – Candy Floss, Susanna, Frieda, Floose. Nou weet almal hopelik dat haar naam eintlik Henriëtte van Zyl is.**

**Jaun-Mari Franzsen**

# Ons groet Juffrou!

'n Gekroonde prinses geplaas op die troon van herinneringe.

Herinneringe van goeie ou dae, herinneringe van tye om te onthou en tye om te vergeet. Net soos Juffrou sal die kinders en onderwysers al die herinneringe wat juffrou in ons harte agtergelaat het onthou, maar bo dit alles vir Juffrou. Om te groet is nooit maklik nie, so waarom sê ons nie liewer hallo nie! Hallo vir die nuwe uitdagings en 'n nuwe lewe wat ons besluit om te begin. Soos juffrou hallo sê vir 'n nuwe begin sonder 'n skool, sê ons hallo vir 'n skool sonder 'n Juffrou soos Juffrou. Juffrou mag dalk nie nie meer die titel Juffrou dra nie, maar ons weet Juffrou sal altyd een in Juffrou se hart bly.

So groet ons as Hoërskool Zastron díe gekroonde prinses, wat van nuwe uitdagings herinneringe gaan maak.

Marike Bekker





## Brief deur die Redaktrise

Vir dae en weke vermy ek die skryf van die "so called" redakteursbrief. Ek weet nie wat ek moet sê nie, hoe ek dit moet sê nie , want sien net nou is ek nie goed genoeg nie. Dis mos hoe dit in vandag se lewe werk, ons is nooit genoeg nie, nie slim genoeg, sterk genoeg, vinnig genoeg...

En as 'n mens mos iets vir die eerste keer doen is die judgement van die wêreld soveel meer... maar...onthou jy is nie alleen nie, net soos ek nie alleen is nie. Met n ondersteunende span agter my, wat my wel soms hare op my tande gee en my kop oortyd laat werk, spring daar elke nou en dan 'n verrassing na vore. Hulle neem eie inisiatief, praat meer as wat jy ooit kon dink, en loop oor van idees.

Ja, en steeds bly eerstes tog 'n bietjie scary, maar dis die scary uitdagende tye wat goeie memories maak. Moenie skrik vir nuwe dinge nie, gryp dit met twee hande aan, want daar is altyd 'n hele span agter jou.

**The winner is not the one who succeeded the first time, it's the one who failed many times, but never gave up!**

# Ons stel bekend: Die nuwe EGGO redaksie

Hoërskool Zaston het onlangs hul nuwe redaksielede gekies, Juf. Ju-Marí Hugo en Juf. Estelanie Vorster sal hierdie jaar die spannetjie lei. Die eerste artikels is klaar in en hulle is reg om gepublieseer te word. Miskien kan hierdie nog 'n groot besigheid word. Dalk die mini Volksblad? Hier is die gelukkige kinders wat gekies is: Henning Naudé




Redaktrise
Marike Bekker

SPORT
Sub-redakteur:
Nwabi Mdladlamba
Verslaggewers:
Patricia du Plessis
Diaan Marais

KULTUUR
Sub-redakteur:
Naomi Fourie
Verslaggewers:
Wiané Marais
Henning Naudé

AKADEMIE
Sub-redakteur:
Janet Malherbe
Verslaggewers:
Zizi Sidzamba

Vermaak:
Madri Goosen

Inspirasie:
Nadia Malherbe

Fotografie:
Jaun-Mari Franzsen
Berné Botha

Admin:
Patricia du Plessis
Jaun- Mari Franzsen

## Kom ons leer die nuwe onnies ken

### Meneer Gernus

Wat het Meneer laat besluit om onderwys te studeer?

*My ma is 'n onderwyser, ek het 'n passie vir kinders en dis 'n goeie rigting om te kies.*

Wie is Meneer se gunstelingsportster? Hoekom?

*Mohamed Ali. Hy het gewen nog voordat hy in die ring geklim het.*

Hoe het Meneer vir Johan Goosen ontmoet?

*Ons kom van dieselfde dorp af naamlik Burgersdorp.*

Wie is Meneer se rolmodel? Hoekom?

*In my eertse jaar was dit 'n boer van Jacobsdal, omdat hy met niks begin het, maar met baie geëindig het.*

Hoe ervaar Meneer Hoërskool Zastron se onderwysers en kinders?

*Almal is baie "nice"*

Wie is Meneer se gunstelingklas en hoekom?

*Die Graad 7's. Hulle is baie snaaks.*

*Naomi Fourie*

### Juffrou Militia

Waar het Juffrou groot geword en skool gegaan?

*Ek was nog altyd 'n trotse Zastronner.*

Dra Juffrou eerder hakskoene of platskoene?

*Ek is 'n regte plaasmeisie, verkies platskoene bo hakskoene!*

Wat doen Juffrou in Juffrou se vrye tyd?

*Wat is vrye tyd?*

Wie is Juffrou se rolmodel? Hoekom?

Tannie Mandy, sy is daar vir almal en sal enige iets doen om ander te help.
Sy is baie geduldig en liefdevol.

Vertel bietjie vir ons hoe verskil dit om 'n Hoërskool Zastron skolier te wees of 'n Hoërskool Zastron onnie.

Om nou 'n onnie te wees is die beste, want ek hoef nie huiswerk te doen nie! ☺ 'n Mens het net soveel meer voordele en verantwoordelikhede as 'n onnie.

### Juffrou Tanita

Waar het Juffrou groot geword en skool gegaan?

*In Aliwal-Noord en was ook daar op skool.*

Wou Juffrou van kleins af 'n onderwyser word?

*Nee, ek wou eers Toerisme studeer.*

Wie is Juffrou se rolmodel? Hoekom?

*My ouma, ten spyte van alles waardeur sy gaan glimlag sy altyd en is altyd positief*


Hoe ervaar Juffrou Hoërskool Zastron se onderwysers en kinders?

*Ek het welkom gevoel van dag 1. Almal is vriendelik en die kinders het ten minste respek.*

Beskryf Juffrou se klas en voog-juffrou?

*Juf Ronel is 'n ongelooflike leermeester, ek kon nie vir beter vra en vir die klas is daar net een word: "BESIG!!!"*

# Mnr. Dawie raak persoonlik



Meneer Dawie weet alles van rugby af, maar kom ons kyk hoe goed hy meer persoonlike sake ken.

Deur Madri Goosen

| Vrae | Mnr Dawie se antwoorde | Die regte antwoorde |
|---|---|---|
| Wat is juffrou Marietjie se gunsteling kleur? | Dis uuhhh... bruin, aardsklere? | Pers , diep rooi ( donker kleure) |
| Wanneer is juffrou Marietjie gebore? | Mmmmm 21 Januarie 1964 | 21 Januarie 1964 |
| Wanneer is Meneer-hulle getroud? | Many moons ago... 25 November 1986 of 1985 | 30 November 1985 |
| Wanneer is Meneer hulle se eerste kind gebore? | 1991 April joh... ek dink die 27ste | 6 April 1990 |
| Wat is juffrou Marietjie se gunsteling kos of ding om te eet? | tjoklits | Roomys ( alles wat lekker is ) |
| Wat is juffrou Marietjie se gunsteling parfuum? | Die een wat die lekkerste ruik | Red door |
| Wat geniet juffrou Marietjie die meeste om te drink? | Sprite zero en cola tonic | Sprite lite met cola tonic |
| Wie snork die hardste in die nag? | Ek | Mnr Dawie |
| Wat is juffrou Marietjie se gunstelling sê ding? | Sy het nie een nie | Julle outjies |
| Wat is juffrou Marietjie se gunstelling fliek? | Pad na jou hart of Semi Soet | Semi Soet of Pad na jou hart |
| Wat is Juffrou se troetelnaam vir Meneer? | Engel | Engel of skat |
| Waar was jul eerste ontmoeting? | Ratelmans koshuis | Ratelmans koshuis. |

# Avatars vs Kings & Queens

Die Avatars was vreesaanjaend! Met lang hare en potblou lywe het hulle ewe trots op die veld gehardloop. Die kaartmannetjies, Kings & Queens, was ons rooi span, klein, maar vreesloos.

"Rooies is dynamite, don't mess with dynamite!" het die kaartmannetjies geskree.

Almal het gedink die Avatars gaan wen, maar toe vat die rooispan die beker. Dit leer mens om niemand te onderskat nie. "Don't judge a book by its cover."

Die opwindende gesigsuidrukkings en die oorspronklike optogte was sowaar 'n goeie manier om die dag af te skop.

Longe is uitgeskree, seer bene en bloedrooi gebrande gesiggies was oral te siene. Elkeen het net hulle beste gegee. Al was hulle eerste of laaste, dit was 'n lekker, suksesvolle dag. Verskeie ouderdomme het rekords verbeter. Dit was 'n dag wat elke ouer trots kon maak op hulle kinders.

Alle skole het 'n atletiekdag, maar daar is iets spesiaals aan ons sin. Ons vat 'n minuut of twee van ons tyd om dankie te sê. Dankie aan ons ouers en onderwysers. Die ondersteuning, die hulp, die liefde... dit is 'priceless'!

Dit was 'n dag om te onthou. Ek dink almal het besef dat alleen kan jy iets bereik, maar saam as 'n span bereik jy soveel meer!

Patricia du Plessis en Nwabi Mdladlamba

KOM SAAM NA
SAAMKOM
Supermark
555 President Hoffmann St Smithfield
Tel 051 683 0430
ALLES IN EEN!

VANANCO
WHOLESALERS C.C.
TEL: (051) 673 1346 / (051) 673 1179 (fax)
E-MAIL: vananco.zst@telkomsa.net
SASKO
PRODUKTE / PRODUCTS
IMPILO M/MEAL
Fresh fruit & veg
Tuesday and Thursday pm
Contact / Kontak:
Ronnie
Ryan
Mark
ABSA
OTM in winkel / available in shop
★ FRESH BAKERY
★ TASTY TAKE AW
Business Hours: Butcher
Working days: 08:00 - 18:00
Saturdays: 08:00 - 14:00
Holidays: 08:00 - 12:00

# Skool - Student - Proefonderwyser

Op skool wil jy so gou as moontlik wegkom van die plek af. Is dit lekker in die grootmenslewe? Ons het 'n paar onderwysstudente gevra wat oud skoliere van Hoërskool Zastron is gevra of die gras werklik groener aan die ander kant is...

**Wat mis jy die meeste van skool?**

Student nr4 : 'Die vriende ,sport en om te weet daar is 'n plek waar jy inpas'

**Wat mis jy glad nie ?**

Alle studente : 'HUISWERK!'

**Wat is die grootste verskil tussen skool en universiteit?**

Student nr.1 : 'Hehe ! Dat jy nie klas toe hoef te gaan nie en dat jy heeltemal onafhanklik is '

Student nr.2 : 'Daar is baie meer mense en jy moet baie selfdissipline hê om suksesvol te wees'

**Hoe voel dit om nou met die rooi pen in die hand te staan en nie meer aan die ontvangkant te wees van daai rooi merke nie?**

Alle studente : 'Ons weeet nou hoe die onnies gevoel het en dat netheid belangrik is .'

**Wat sal jy vir Hoërskool Zastron se leerders sê moet hul meer waardeer van die skool?**

Student nr.3 : 'Die onderwysers ,en die feit dat hulle nêrens anders sulke onderwysers sal kry wat werklik omgee nie.'

**By watter juffrou of meneer het jy die meeste geleer en wat?**

Student nr.3 : 'Mnr.Dawie ,want hy het my geleer dat rugby soos die lewe is en dat wat jy insit, is wat jy sal uitkry'

Student nr .4 : ' Juffrou Amanda, want sy het een ding 'n duisend keer verduidelik ,totdat jy verstaan.'

**Is daar iets wat jy anders sal doen as jy in die skoolbanke moes sit?**

Alle studente : 'Ek sou baie harder geleer het.'

**Is onderwys 'n half 8 tot half 2 werk en hoekom?**

Student nr.4 : 'Nee want jy werk na skool,dink oor die kinders en gee selfs ekstra klasse of rig sport af.'

**Dink jy onderwysers maak 'n verskil in kinders se lewens ?**

Student nr.1 : 'Ja, beslis ,hulle het 'n baie groot invloed ,positief of negatief .Jy kan een kompliment vir 'n leerder gee en sy gesindheid kan heeltemal verander.'

**Hoekom het jy besluit om onderwys te gaan swot?**

Student nr.1 : 'Ek het 'n passie vir dit ,ek het van kleins af SKOOL – SKOOL gespeel .

**Watter boodskap sal jy vir die skoolkinders wil gee?**

Alle studente : 'Geniet dit terwyl jy kan !!!!'

<u>Daily rules from God.</u>

Wake up!!

Decide to have a good day. " Today is the day the Lord hath made; let us rejoice and be glad in it." Psalms 118: 24

Dress up!!

The best way to dress up is to put on a smile. A smile is an inexpensive way to improve your looks. "The Lord does not look at the things man looks at. Man looks at outward appearance; but the Lord looks at the heart." 1 Samuel 16: 7

Shut up!!

Say nice things and learn to listen. God gave us two ears and one mouth, so He must have meant for us to do twice as much listening as talking. "He who guards his lips, guards his soul." Proverbs 13: 3

Stand up!!..

.. For what you believe in. Stand for something or you will fall for anything..! "Let us not be weary in doing good; for at the proper time, we will reap a harvest if we do not give up. Therefore, as we have opprtunity, let us do good.." Galatians 6: 9-10

Look up!!..

.. To the Lord. "I can do everything through Christ who strengthens me." Philippians 4: 13

Reach up!!

For something higher. "Trust in the Lord with all your heart, and lean not unto your own understandings. In all your ways, acknowledge Him, and He will direct your path." Proverbs 3: 5-6

Lift up!!

... your Prayers. "Do not worry about anything; instead PRAY ABOUT EVERYTHING!"

## ELRI, jou doring!!

Vertel ons meer van die lewe na skool. Is dit soos wat jy verwag het?

Dit is baie beter as wat ek verwag het. Dit is uitdagend, want alles is nuut, maar dit is belangrik om dit met oorgawe aan te pak. Universiteit is baie lekkerder as skool. Ek probeer om elke oomblik te geniet.

Wat mis jy die meeste van die skoollewe?

Die sport en onderwysers wat omgee oor jou.

Watter jaar sal jy graag wil oordoen in skool as jy so 'n keuse gehad het? Waarom?

Graad 9. Dit was die lekkerste jaar van my skoolloopbaan.

Dink jy matriekuitslae bepaal of die lewe vorentoe n sukses sal wees?

Matriekuitslae is baie belangrik vir die res van jou lewe, maar net jy kan bepaal of jou lewe 'nsukses gaan wees. Goeie matriekuitslae help jou om 'n goeie werk vir jouself te kry, maar dit beteken nie noodwendig dat dit sal gebeur nie.

Wat is jou raad tot matrieksukses?

Om elke dag n bietjie te leer en altyd jou huiswerk te doen. Dit help om leer vir die eksamen makliker te maak, en bly positief, jy sal verbeter.

Elri van Rooyen was top presteerder in 2014 met onderskeidings in al haar vakke. Sy swot nou by die Universiteit van die Vrystaat , oftewel Kovsies, B-Rek. Alle voorspoed en sterkte vir die lewe vorentoe Elri, want met sulke goeie punte sal mens ver kom.


- Janet Malherbe

GETCET
QUALITY CLOTHING
Nuwe
VUURWARM
Wintersvoorrad: Mans/Dames/kinder klerasie
Skoene
Bykomstighede: juwele, serpe, dasse ens.
Onderklere
(hou die winkel se vensters dop vir gereeld sepsiale aanbiedings)

Job PRINT SHOP
ZASTRON
Drukkery / Printers
( Prop. Dermoll & Sandra Cuens)
Wedding Invitations, Books, Calendars, CV's, Pamphlets, etc.
For all your printing requirements at best prices.
✉ 484
☎ /Fax. (051)-6731096
26 Mojozi Street
Zastron 9950

ZASTRON
Apteek/Pharmacy
41 Reichenberg St
Zastron

# Mammazazz...



### Modes

Wees uniek!!

Maak seker dat die klere wat jy dra by JOU lyf pas.

Kolle is nou hoog in die mode, hou dit eenvoudig. 'n Kopband, hempie, broek, of rokkie. Een op 'n slag moet dit nie probeer meng nie.

Seuns: socks en sandals WERK NIE!!!

### My raad!!

VRIENDE

Ons almal raak geïrreteerd met van ons vriende. Party dae voel dit of ek hulle wil vermoor, maar dan besef ek hulle is dié wat my deur al die moeilike tye gedra het.

Dis goed om tot 10 te tel voor jy partykeer hulle terug antwoord. Probeer die minste wees en vergewe eerste, al weet jy jy was reg.

**"Vriendskap gaan nie oor wie jy al die langste ken nie, maar oor wie gekom het en nooit weer gegaan het nie "**

### AAaaahhhvalentynsbal…..

Meisies julle het pragtig gelyk, let net bietjie daarop dat julle, julle hare moet dra sodat dit by jou rok pas. Maar verder PERFEK!!

Seuns goeiste!

Daar is darem 'n paar manne wat die meisies se knieë lam gemaak het en dan die wat by die bus uitgeval het.

Dra bietjie iets anders as suits.Dra 'n jean met 'n blazer en strikdas. 'n Chino-broek met 'n blommetjies hemp. 'n Check hemp en 'n chino-broek. Dan kan jy byvoeg, 'n strikdas, kruisbande of 'n hoed,niks meer nie.

**Tip 2 toe Beauty Salon**
Maryke Kapp
Zastron
074 6214 389
Massages / full or back & neck
Sport massage
Aroma Stone Massage
Pedicure / Parrafin
Manicure / Parrafin
Acrylic Nails



## Dear Diarys

17 Februarie 2015

Liewe dagboek

Ek is OORLAAI met huiswerk en sport, maar meestal huiswerk. Die onderwysers looi ons met dit. Ergste van alles dan sukkel ek nog met die al ewige wiskunde ook !!!Ek is sommer net lus en skree hardop.Alles by die skool is darem nie net sleg nie. Soos die valentynsbal was WONDERLIK. Almal het so mooi gelyk. En my "date" was amazing, rêrig. Ons het net as vriende gegaan,ek verkies dit eintlik so.Ons almal het die hele aand gedans en foto's geneem. Ek het nie 'n liefde op valentynsdag gekry nie... Maar daar is dalk net iemand op my spoor,hy's vrek oulik en stuur sulke mooi boodskappies en laat my altyd goed voel oor myself. Ek weet darem nie of daar iets hiervan sal kom nie

♡♡ EK (Anoniem)

# Sot, sotter, sotste

Die matrieks van 2015 se gunsteling woord is nie verniet 'sot' nie. Hulle kom herhaaldelik elke jaar voor, die kinders met die snaakse haarstyle en interessante kleredrag. Dit laat 'n mens soms wonder in watter 'fashion magazine' hulle hulle modes kry, of wel by watter matriek. Daar is blykbaar 'n nuwe parfuum op die rak wat deur die sotte gebruik word naamlik 'vaporisateur pour le garlic', maar gelukkig verskil mense se definisie van aromatiese reuke.

Matrieks wat elke dag 'n las minder hoef te dra en pouse sonvry loop, dit is mos heerlik. As die twee weke van sottery net 'n oomblik langer was, sou 'n matriek se lewe 'n fees gewees het..

Onderstebo en agterstevoor was nie net die sotte se kleredrag nie, maar hulle wêrelde ook. Vir die res van die skool was die twee weke 'n lekker lag sessie. Meisies met haarstyle wat soos 'Cruela Devill' sin lyk en seuns met kaalkoppe soos Nataniël, pak elke nuwe dag aan.

Dit is elke jaar iets lekkers om mee af te skop en iets om te onthou. Dit is iets om die graad agts mee wakker te maak. Die jare vanaf sot na sottebaas strek oneindig voor jou uit, maar wanneer jy in matriek kom, voel dit asof jy gister 'n sot was.

Gedurende die roete van sot tot sottebaas maak jy soveel 'memories' wat die moeite werd is om te 'treasure'. Hoërskool is daar om alles voluit te doen, jouself te wees, hard te werk en elke oomblik te geniet.


Zizi

**TRIXEN PRODUK**

*Het jy al gesukkel om verf van hoet te verwyder??*
*Gebruik blou vla en natuurlik TRIXEN vir die finale afronding*
*Beskikbaar by:*
*Anne-Marie 083 990 3750*
*Reichenbergstraat 32*
*Zastron*

**Uit die personeelkamer**

# Ons groet die oue en verwelkom die nuwes



Ons was almal te verdwaas om iets te sê... Juffrou Flos gaan bedank! Dit is byna onmoontlik om aan Hoërskool Zastron sonder Juf Flos te dink. Hoe dan anders? Sy was 31 jaar deel van ons skool.

Deur die jare het sy haar merk gemaak as die EEN persoon wat jou behoorlik sou laat les opsê as jy durf waag om in die verkeerde klere of slordig voor haar te kom staan. 'n Mens sou kon sê dat sy die generaal van dissipline was EN al het sommiges nie altyd saamgestem nie, was dit beslis 'n goeie ding! "Dissipline is die louterende vuur waardeur talent in vermoë omskep word," het Roy L. Smith hoeka gesê.


Alhoewel sy die leerders met 'n ysterhand op hulle plekke gehou het, het sommiges tog wel deur die groot kwaai gesien en soos Keke Spyker verlede jaar met die matrieks se laaste dag gesê het: "Juffrou Flos is soos 'n harde lekkergoed buite en 'n sagte lekker deel binne." Dit is dus die waarheid dat ons spore van onsself los waar ons ook al gaan (Lewis Thomas)

Ons sal juffrou Flos vir baie dinge mis – haar sterk beginsels en waardes, haar dissipline, haar werk as onderwyser en afrigter, haar skaterlag en fyn humorsin en sommer net omdat sy spesiaal SY was.

Juffrou, ons bid jou toe net voorspoed met die lekker nuwe uitdaging wat voorlê en dan weet ons ook dat jy 'n wonderlike ouma sal wees. Geluk en geniet dit!

En vir elke een wat gaan, moet daar drie nuwes kom! Baie welkom aan ons drie nuwe onnies. Die mooie meneer Gernus en die fraaie jonge grondslagfase assisstente, juff Tanita en Militia.

Hierdie kwartaal se **GEES**beker gaan beslis aan die **GRONDSLAGFASE** personeel. Nie net het hulle met die louere weggestap op Valentynsdag nie, maar boonop alte mooi spandrag aangeskaf!



*Werks aansoek* – Mavis doen aansoek vir werk. By die onderhoud vra die eienaar: "Mavis het jy tik geneem op skool? " Mavis: "Nei maneer, dai djare was da net dooswyn en dagga. "

*Stokkies draai* – Oupa sê vir Jannie: "Gaan kruip weg, jou juffrou is hier en jy is nie by die skool nie."

Jannie sê: "Flip oupa, gaan kruip jy weg ek het vir haar gesê ek's by jou begrafnis."

# Ons doen dit al weer!!

Zastron weet net hoe... Vir die 30ste agtereenvolgende jaar kry ons WEER 100% matriekslaagsyfer van 2014 se matrieks.

Elri van Rooyen is ons skool se trots met 7 onderskeidings.

Van Zyl Cronjé spog met 4 onderskeidings in Afrikaans, Lewensoriëntering, Besigheidstudie en Rekeningkunde.

Keke Spyker is kort op sy hakke met 3 onderskeidings in Wiskunde geletterdheid, Lewensoriëntering en Besigheidstudies.

In die geheel klop ons en verlede jaar se matriekklas mekaar op die skouer met 1 onderskeiding in Wiskunde, Lewenswetenskappe, Fisiese Wetenskappe en Engels. Daar is 3 onderskeidings in Lewensoriëntering en Rekeningkunde. Besigheidstudie het 2 onderskeidings en Wiskunde geletterdheid verras met 7 onderskeidings.

Rekeningkunde se klasgemiddeld is 76,3%. Fisiese Wetenskap 80,5% en Wiskunde 76%.

Julle maak ons trots. Dankie!!

Janet Malherbe

## Wenners oefen, verloorders kla

Ons is trots om te sê dat Hoërskool Zastron ook sy "persoonlike" atlete het. Ons is dankbaar om hierdie plattelanders te hê wat Hoërskool Zastron in die groot stede gaan verteenwoordig en 'n positiewe beeld skep.

In die laerskool sê ons baie geluk aan Hanré du Plessis, Johan Smith, Nieke van Tonder, Behan Venter en Diaan Marais.

Die Hoërskool atlete is: Mischa van den Berg, Johan Wink, Wiane Marais, Dillan Erasmus en Willem van Straten.

Al hierdie atlete het plekke behaal tydens die Motheo/Xhariep byeenkoms. Maar dit stop mos nie net daar nie. SA's!! Baie geluk aan die volgende atlete wat in Vrystaatspan wat aan SA's deelneem: Hanre du Plessis vir hoogspring.

Mischa van den Berg het nie net die Vrystaat spiesgooi rekord verbeter nie, maar is ook in die VS span saam met Wiané Marais.

Dit is 'n groot prestasie! Baie sterkte aan die atlete wat aan SA's gaan deelneem.

Hard work always pay!!

NWABISA MDLADLAMBA




# EERSTES:

Hier is ons Hoërskool eerste spanne vir 2015.

## NETBAL:

Vuye Adoons
Patricia Du Plessis
Patrys Gindra
Bohlokwa Leballo
Wiane Marais
Nam Mbele
Nwabi Mdladlamba
Christi Nel
Mischa Van Den Berg




## HOKKIE:

Marike Bekker
Danel Biggs
Minette Cronje
Patricia Du Plessis
Naomi Fourie
Madri Goosen
Keuanu Grobler
Vicky Henning
**Amoré Lombard**
Charne Prinsloo
Elzaan Schlebusch
Johanette Smith
Mischa Van Den Berg
Sharon Van Dyk

## Tennis

| Dogters: | Seuns: |
|---|---|
| Minette Cronje | Hendrico Bekker |
| Zana Cronje | Tiaan Bekke |
| Wiane Marais | Wessel Goose |
| Nile Smith | Conrad Janse |
| Mischa Van den Berg | Cornu Pelser |
| Sharon Van Dyk | Iw Pretorius |
| | Pieter Straus |
| | Dewald Van der Watt |
| | Lodewyk Janse Van Rensburg |
| | Johan Wessels |
| | Schalk Willem Visser |
| | Johan Wink |
| | Izak Wolfaardt |

## ZassieNETBAL is 'n fees!!

Trots kan nie naastenby ons gevoel teenoor ons netbalspanne beskryf nie. Ons spanne het almal by HTS se monde laat oophang.

Ons afrigters is puik, vol entoesiasme en het jare se ondervinding wat hulle nie skroom om terug te ploeg in ons meisies nie. Elke span is belangrik en daarom het ons bekwame afrigters by elke span.

Ons sê baie geluk aan ons meisies met die uitstekende resultate.

Ons kry hoendervleis as ons dink wat ons netbal spanne volgende kwartaal gaan doen. Hulle kook!! Ander skole moet uitkyk.... Zassies is meer dade as woorde!

NWABISA MDLADLAMBA

## RUGBY:



Hendrico Bekker
Coach- Lere La Thuto
Jomar Dippenaar
DJ Du Plessis
Dillan Erasmus
Wessel Goosen
Willem Grobler
Molefe Kente
Tsepo Kente
Thato Khitsane
André Lubbe
Peter Mac Kay
Jaco Muller
Wongama Ngqikazi
Ian Potgieter
Khotso Potsane
Katleho Setlaba
Emjee Smith
Sihle Spamba
**Marco Swanepoel**
Willem Van Straten
Danie Van Zyl
Kobus Van Zyl
AJ Veldsman
Wynand Verster-Noodhulp

## Ons skool BARS uit sy nate

Klein, plattelandse skole (veral die Afrikaanses) kwyn en krimp en verdwyn. Die een na die ander. Maar NIE Hoërskool Zastron nie! O, nee!

Met baie genade en baie harde werk BARS hierdie GROOT skool in 'n KLEIN dorpie behoorlik uit sy nate.

2015 sal opgeteken staan as die rekord jaar.

Hierdie jaar het die skool op 13 Januarie met 'n splinternuwe **rekordgetal van** 426 leerders geopen! En volgens meneer Dawie is dit nog net die begin van sy GROTER planne.

Nog nooit ooit van tevore kon ons daarin slag om die droom van 400 te oorskry nie - en daar doen ons dit.


Waar is daar NóG 'n Afrikaanse skool in die platteland met VIER koshuise?

Hou ons dop, want groot gif kom in klein blou botteltjies.

Zassies, jou lekker ding!

Diaan Marais

**COUNTRY COUSIN**



COUNTRY COUSIN IN ROUXVILLE IS GELEë OP DIE N6. ONS BIED 'N VOLLEDIGE SPYSKAART AAN EN IS BEKEND VIR ONS HEERLIKE KOS TEEN UITERS BILLIKE PRYSE. ONS PIZZAS IS 'N ABSOLUTE WENNER EN LOK ONGELOOFLIKE KOMMENTAAR UIT!
STOP BY DIE ORANJE FORDKAR EN VROLIKE WINDPOMP EN KOM BELEEF 'N HEERLIKE KOSERVARING EN NEEM SOMMER 'N GESKEN-

Soms…

Soms het jy nodig om tot stilstand te kom.
Om jou siel te vind.
Soms het jy nodig om te huil,
oor wat jy verloor het.
En soms moet jy lag,
oor wat God vir jou wil gee.
Soms is die gisters vol hartseer,
maar die môres vol nuwe beloftes.
Soms moet jy leer dat God
met liefde mense na jou stuur,
om jou lewe te verryk.
Geseënde Dag saam met God,
wat nie Soms is nie,
Maar Ewig.

Nadia Malherbe

## 'n Dag versier met liefde

Dis weer tyd om jou mooi en rooi klere aan te trek. Ons almal hou jaarliks 'n Valentynsdag by die skool waar almal uniek aantrek,lekker dans en hulself gate uit-geniet.Kinders deel tjoklits, soene en drukke uit.


Ons skool het ook pragtig gelyk vir die dag, versier met harte vol liefde. Alhoewel dit eintlik SaterdagValentysdag was, het ons fees gevier, want daar is niks so sleg soos om alleen op Valentynsdag by die huis te sit nie.

Ons het hierdie jaar volgens temas aangetrek soos car-toons,cowboys en die skrikwekkende mafia. Daar was ook natuurlik 'n paar skreeusnaakse karakters soos Cat Woman en Peter Pan.

Wie weet, dalk kry jy volgende jaar 'n roos, of 'n ekstra bederfie wat die hart vining sal laatklop.

Henning Naudé

# Uit die mond van die suigeling..



<u>Graad 1's - Hormone is...</u>


1. 'n Blommetjie- Julene Brown
2. Ons eet tuna op brood- Madison van Tonder
3. Moeg-Omolemo Ramathe

<u>Graad 2's - Wat beteken hormone?</u>

1. Dit is demone- Jacques van Wyk
2. Dis 'n siekte- Inus van Den Berg
3. Dit is 'n speletjie- Carly

<u>Graad 3's - Maak 'n sin met hormone :</u>

1. Sy hormone is seer hy huil om nie dokter toe te gaan nie. - Wouter Wessels
2. Ons speel met hormone. - Juan-Dre Rohlandt
3. Die mense bly in hormone. - Hope Jansen en Zane van Tonder




# 1,2,3.…. STOOT!!!!

*Sopnat gereën, kaalvoete en besig om die kombi wat vassit uit die modder te stoot. Ons is nou doodseker daarvan dat die netbalmeisies wel hulle krummelpappies eet. Hulle was besig om netbal te oefen toe dit begin reën. Hulle besluit toe om in die saal te gaan oefen, min wetend dat juffrou Lenè vassit. Na 'n paar minute het hulle besef dat die juffrou wat nou net saam met hulle geoefen het nie kom nie. Twee van die dogters hardloop om te kyk waar draai sy,net agter die skool sit sy toe vas. Al die netbalmeisies hardloop toe om juffrou te gaan help. Mens hoor net gille soos die kinders gly en val. Maar stoot sal hulle stoot die kombi moet net uit. En 1, 2 3…*

*STOOT!!!!*

*Sopnatgereën, vol modder en yskoud is die kombi toe na 'n hele gesukkel uit.*


*#krummelpapwerk*





1ste Spanne
SPORT DAE
KLEURE ATLETiEK
Foto's: Jaun-Mari & Berne


V-BAL

# Die vreemde skool.– Deel 1

## Vervolgverhaal deur Nadia Malherbe

"Ma...?" Ek klink bang, onseker. "Vertel my Ma! Waar is hy? Hoekom ken ek hom nie? Ma het al die jare hiermee weggekom, nie nou nie! Nou begin ek verstaan. Ek mis hom! Waar's my voorreg om iemand Pa te noem?" "Dek solank tafel, hoe voel dit om sestien te wees?"
"Mamma... asseblief!" Dis 'n smeking, 'n bevel, "Vertel my net!" Ek bars in trane uit. Iets wat mense,veral my ma, nie gewoond is nie . "Ma, ek wil nie meer sterk wees nie..." het ek deur die snikke uitgekry.

*Ek val. Diep en ver. Stemme weergalm uit my verre verlede. Langs my flits herrineringe verby. En dan weer die blou oë, skertsend. Vernietigend. Ek probeer my blik op die foto van my en my ma hou. Dit word swart om my, die oë is onheilspellend blou. Koud. Ek val deur my emosie van verwerping. Die oë hou my vas...*

"Nee!" ek soek in my kamer en in my gedagtes rond vir die blou oë, maar dis net my kamer mure wat na my terugstaar, en die donkerte van die nag wat my omvou.

Ek word wakker met 'n sonstraal wat my môre groet, en rooi gehuilde oë. Ek klim uit die bed en wil my daaglikse roetine volg, maar ek sukkel, want ek weet... Ek onthou my ma se woorde: "Mia, jy en jou boetie, is buite-egtelike kinders. Ja, jy't 'n tweelingbroer, Willem. Jou pa se naam is Werner, ons was saam op Universiteit, ek was twee maande swanger toe ek eers vir Werner vertel. Daarna het hy my vermy, hy was kwaad, na sewe maande het hy my in die hospitaal besoek. Drie dae later is jy en Willem gebore, hy't vir Willem gevat. Verder het ek hom nie meer op kampus gesien nie. Hy en jou boetie is na 'n ander kollege." Dit was moeilik. Seer. Seer om die verlange te herroep. Tog vertroostend. Bevredigend. Nou weet sy ek weet. Die seer is vermeng met hoop in haar oë en ekbesef dat ek haar eerder later sal konfronteer. Ek was kwaad, teleurgesteld... buite-egtelik? 'n Tweelingbroer wat gister, iewers ook verjaar het en sestien geword het?

Drie weke later is my ma op haar navorsingveldtog na Amerika. Ek bly by familie vir die hele jaar en gaan wel, ook daar skool, by Nagblom Hoër. Interessante naam, om aan te pas by die naam, gaan ons van vier namiddag tot tienuur saans skool. Ten spyte van die vreemde reëls is daar negehonderd kinders in die skool.


*word vervolg.

## Apie en Bobbejaantjie word dokters:

Apie en Bobbejaantjie sit weer op 'n dag in die boom. Elkeen het 'n treurige ou gesiggie, want Apie het vreeslik tand pyn en Bobbejaantjie het maagpyn.
Dit kom daarvan om te veel apneutjie eet, sê Bobbjaanjie, en hy wil Apie net uitlag, omdat sy gesiggie so opgeswel is, maar sy eie, magie is darem tog alte seer. Ag Apie ou maat, ek voel jammer vir jou, maar jou gesig lyk darem baie soos 'n pampoen met twee ogies daarin, sê hy. Moenie spot nie; vandag wens ek somer dat ek sonder 'n gesig is! sê Apie. „O, my maag! My maag! En Bobbejaantjie kreun en steun. Toe maar, Bobbejaantjie, ek sal jou magie vir jou warm vryw dan gaan die pyn miskien weg." Ja, toe, Apie, dan trek ek jou tand, en gou is ons altwee weer perd fris." Apie begin sy maat se magie vrywe en gou is die pyn heeltemal weg. „So, Apie, ~~nou is ek~~ weer gesond. Wys hou vir my jou seer tand, dan trek ek dit uit. Apie maak sy mond so wyd oop dat hy amper vir Bobbejaantjie insluk. „O, Aap se kind! Daar sit hy di opgeswel. Hy lyk baie seer, sê Bobbejaantjie. Ja-hoo-hoo-boo!" huil Apie. Stil maar, ou maat. Ek maak 'n dun toutjie aan die tand vas, dan trek ek so saggies. Ek wil jou nie seer maak nie, jy moet net jou ogies styf toe knyp en jou hande op jou oortjies vas druk. Apie gehoorsaam en hy sit met die mond wydoop, tou aan die tand, oggies styf toe en hande op die oortjies. Bobbejaantjie, wat die ander punt van die tou aan 'n tak geknoop het, gee nou vir Apie 'n vinnige stoot en hy val bo van die tak af en: karplaks! op die grond. Sy seer tand is uit! „O, rand-te-tand, rand-te-tand!" dans hy rond op die grond, met die hand voor die mond. Hy wil nog ontevrede wees omdat Bobbejaantjie hom die poets gebak het, maar hy is darem te bly om van die lastige seer tand ontslae te wees. Nou lag hy aaneen. „Bobbejaantjie, nou weet ek hoe ons geld kan maak! Kom ons word dokters! Kyk hoe baie van die diere word siek en dan is daar niemand om hulle gesond te maak nie." Ja! Dan sal gou genoeg geld hê om 'n vliegtuig te koop en daarmee ook lekker rond te vlieg soos voëls, in plaas daarvan om in takke rond te swaai. Dis regtig 'n goeie plan." Ek weet van 'n plek in die bos waar ons 'n hut kan bou om al die siekes te ontvang," sê Bobbejaantjie. Ek wil graag 'n tande dokter wees en jy kan al die ander siekes dokter, sê Apie. Gou is hulle weg na die plek. Takke word dadelik af gebreek om die hut te bou en nog dieselfde dag is dit klaar. Die volgende dag het elkeen 'n streep sak op sy rug en op 'n draf is die twee dokter veld om kruie van alle soortte gaan pluk. Dit is bossies en boombas en wortels alles vir poeiers, pille en medissyne. In die hut het hulle alles gou aanmekaar.

Deur Lurisa Roos

Word vervolg...



Kanaän
Reichenberg 34
051 6731 638

- Melk en suiwelprodukte
- "Free range" hoender
- Plaasvars groente
- Feta
- Yoghurt
- Gedroogde vrugte
- Heuning
- Croissants,bagels & pita broodjies
...en nog vele meer!

Kom loer gerus in!

Mini Kloppers
Kom besoek ons net hier in jou eie klein plattelandse dorpie...ZASTRON
- Skoolklere
- Skoolsportklere
- Tekkies
En vele meer!
Kontaknommer:
Magda du Plessis-082 321 3236

MODEL SLAGHUIS
Reichenbergstraat 32
ZASTRON
051-6731188

Goeie gehalte biltong, droëwors, chilli bites en kabarnossie!!
En
Varkneksteaks, blindevinkies, verskeidenheid van worsies soos kaaswors en vele meer!!
En
Gemarineerde varkribbetjies, hoendervlerkies en nog baie meer!!
Kom Proe gerus!!



# Wat voer die aap hierdie jaar in die mou

Opgee was nog nooit in hulle woordeskat te vinde nie, kreatwiteit en ywerigheid wel. Die skool het die VRL en matrieks van 2014 met 'n traan in die oog gegroet, maar was ook opgewonde oor die toekoms, die nuwe jaar, nuwe planne en nuwe leiers.
Die skoolkinders betree die skoolgrond met nuwe moed en passie vir die jaar. Stom van verbasing kyk hulle na die veranderinge in die badkamers, skoolmure en terrein. Die R2 speletjiesaand laat die wenkbroue lig, maar alle probeerslae word met twee goeies beloon. Die stelling word goed bewys op die atletiekdag en valentynsdag.
Die planne van die VRL hou hierdie jaar baie verrassings vir ieder en elk in, onder andere geesbou, dissipline en kaskarre, want ons streef na eenheid...

Janet Malherbe




# SPORTDAE

## Landboudal Hoërskool Sportdag.

27 en 28 Februarie het ons Zastronners bietjie gaan kuier in die DAL van JACOB, JACOBSDAL.

Die hokkie het die Vrydag, die 27ste, die naweek afgeskop op 'n hoë noot. Die 1ste span het hul beste gegee, maar geen punte is aangeteken nie. Die wedstryd eindig 0 vir beide spanne. Die 2de span stap as wenners van die veld af.

Saterdag, die 28ste was 'n LANG, WARM dag! Die hokkiespanne het weer die dag afgeskop met goeie uitslae. Die 1ste en 2de spanne het teen Adamantia gespeel. Die 1ste span het weereens gelyk op gespeel met 2 elk op die telbord. Die 2de span het ons verbaas, en gewen!

Die 1ste rugbyspan het teen Landboudal se 1ste span gespeel. Hulle moes ongelukkig die knie buig.

Die 0/16-rugbyspan het teen Diamantveld se 0/16-A-span gespeel en het ongelukkig verloor.

Die netbal het nie op hulle laat wag nie en die meisies het 'n oorlog op die netbalbaan veroorsaak. Die o/14- en 0/15-spanne het een wedstryd gewen en een ongelukkig net-net verloor.

Die 2de netbalspan was ongelukkig om altwee hul wedstryde te verloor, maar het baie karakter op die baan gewys.

Die 1ste span het op die baan as wenners gestap, maar Jacobsdal was hongerder vir die wen. Hulle het wel lag-lag vir Hopetown 'n ding of drie gewys.

Alhoewel alle wedstryde nie gewen is nie, is ons skool se naam hoog gehou terwyl ons gekompeteer het teen een van die beste skole! Ons kan met trots sê ons het ons beste gegee!

PATRICIA du PLESSIS

## Fichardtpark Hoërskool Sportdag

Die 7de Maart was daar 'n sportdag by Fichardtpark. Die volgende spanne het gespeel en die uitslae was soos volg:

1ste hokkiespan VS Fichardtpark B Wen 1-0

2de hokkiespan VS Martie Du Plessis Wen 2-0

1ste rugbyspan VS De Aar

Ons moes ongelukkig die knie buig.

0/16-rugby span VS Douglas

Ons het ons beste gegee, maar ons het ook ongelukkig verloor.


Ons is baie trots op ons hokkiespanne wat so goed gevaar het. Ons weet alles gaan nie net oor wen of verloor nie. Solank jy net JOU BESTE gee, en JOU HART uitspeel ! Ons is trotse ZASSIES !

Patricia Du Plessis.

## Brandfort sportdag

Soos kat en hond. Vet in die vuur. Zastron vs Brandfort.
Omtrent só is die atmosfeer elke jaar met die Brandfort-sportdag.
Die netbal - en rugbyseisoen skop elke jaar op hierdie intense noot af. Skole van oor die hele Vrystaat trek elke jaar hier saam, om die nuwe seisoen se sterre en reserwes uit te sorteer.
Omdat dit slegs vrienskaplike wedstryde is, is dit die ideale geleentheid om spanne rond te skuif en reg te kry VOOR die ligawedstryde in alle erns begin.
Die Zassies-bus het ook nie hierdie geleentheid misgeloop nie.
Die 0/12- en 0/13-netbal en 0/11-en 0/13-rugbyspanne het hier opgedraf.
Hulle was ongelukkig om meeste wedstryde te verloor...maar was dit dalk net voorseisoen-taktiek??? Die Eggo sien uit om hierdie spanne vorentoe dop te hou!

Diaan Marais




## Dwars


1. Wie is die redaksie se sielkundige?
2. Raai raai waar… word honger magies swaar?
3. Watter onderwyseres het onlangs die skool verlaat?
4. Watter onderwyser/es is die "Kultuur freak" van die skool?
5. Wat beteken die leuse "Facta Non Verba"?

## Af

1. Wie is die "Baas" van hierdie plaas?
2. Watter span het die kleureatletiek hierdie jaar gewen?
3. Wie is die hoofseun van 2015?
4. Wie was die kaptein van die 1ste rugbyspan vir die eerste wedstryd?
5. Waarvoor staan J.I.K.?
6. Wie is die kaptein van die 1ste hokkiespan(ook die hoofmeisie van 2015)?

# Soek die verskille




MARCO HEYMANS
FINANSIELEBEPLANNERS
Geregistreerde FSB Naam - Marco Christo Heymans t/a Gariep Makelaars
Marco Heymans - AFP
(Associate Financial Planner)
NUUSFLITS / NEWS FLASH
Baie dankie vir al ons kliënt se lojale ondersteuning.
Geseënde Kersfees en voorspoedig 2015
Die kantoor sal gesluit wees vanaf 19 Desember 2014 en heropen weer die 5de Januarie 2015
Spesialiseer in:
• Boedelberedering en Boedelbeplanning
• Aftree beplanning
• Korttermyn Versekering
• Mediese fondse
• Gemagtigde Finansiële Verskaffer
• Lid van die Versekeringsmakelaarsraad van SA
• Geakkrediteerde Mediese Fonds Makelaar
2 President Hoffman St, PO Box 158, Smithfield 9966
(051) 683 0234/180 0866 045 074 082 7800 697 mheymans@zipplink.co.za

## As alles maar net so goedkoop was

R2 'n speletjie, R2 'n stukkie koek en R2 'n glasie koeldrank. Waar kry mens nog iets so goedkoop?

Op 27 Januarie 2015 het die matrieks 'n heerlike R2 aand gehou. Van klein tot groot kon die aand bywoon en geniet.

Die R2 aand was die perfekte manier om gees te bou vir die atletiek. Daar is gespeel, gelag en gedans. Almal het deelgeneem en goeie sportmanskap getoon.

Van ou speletjies soos 'kussing-geveg, bokdrolle spoeg en marshmallows soek' na nuwes soos 'soek die skat en tic tac toe met ping pong balletjies.

Dit was waarlik 'n uitstekende aand. Ons sien uit na die jaarlikse instelling.

Naomi Fourie

## (J)esus (I)s (K)oning

So wit soos sneeu. Verwyder alle en enige vlekke. Maak sommer kieme en goggas ook dood.

Dit is mos wat die huishoudelike bleikmiddel JIK doen. En dit is ook wat die Zassies se JIK doen.

Want JIK staan vir Jesus is Koning

In 'n skool soos ons s'n waar daar woes presteer word op die sportveld, in die klaskamer en ook op die verhoog, kan ons nie bekostig om geestelik arm te wees nie. Die bloed van Jesus werk meer effektief as ENIGE JIK - dit was ons foute, vlekke en sonde silwerskoon sodat ons waardig kan wees om Jesus se spieël te wees in ons omgewing.

Alle graad 7 tot 12 Zassies is welkom om aan te sluit by hierdie JIK-organisasie. JIK vergader elke tweede Dinsdagaand 18h00 by die skool

Die laerskoolleerders word ook nie uitgesluit nie. Hulle JIK geleentheid is elke tweede Donderdagaand 18h00.

Tannie Hermien Cronjé is gelukkig deur die Heilige Gees gestuur om ons te kom lei en leer. En ons weet God kan GROOT dinge deur haar en al die JIK-entoesiaste doen!

Kom laai jou battery sodat jy geestelik sterk kan word vir al die ander akademiese en fisiese uitdagings wat jy moet hanteer.

Moet dit nie misloop nie!

Onthou - Jesus is Koning!

Wiané Marais


## Onder die Akker

Troues

Verjaarsdae

Familiesametrekke

Skoolgroepe

Of enige ander funksies

Kontak:

Hanri Goosen :0795157638

Jannie Goosen: 0825680822


## Die Jintelmanse Sport

"Cricket delights the eye and touches the soul!"

Só sê die voormalige Britse eerste minister, John Major. En ek stem saam.

Alhoewel ons Zassies as gevolg van die groot rooi D(awie)-faktor, wyd berug is as 'n rugby mal skool (en ons stry nie!), is ons ook besonder handig met die kolf!

Krieket staan mos bekend as die gentleman's game (of soos my oupa in Afrikaans sê sport van die Jintelman) – en ons skool is vrot van al die galante here wat daai rooi balletjie goed KAN moker!

Van die oorywerige 0/7-kannetjies tot by die groot 0/19-menere, het die Zassies krieket spelers hulle merk gemaak.

Alhoewel gemengde welslae deur-en-tyd in die wedstryde behaal is, was daar NOOIT 'n gebrek aan entoesiasme nie!

Die bryers soos mnre. Niel, Marnus, Gernus en oom Jimmy, verdien elkeen 'n medalje – om met soveel geduld aan die ruwe Zassies krieket diamante te skaaf en poleer, moet met roomys elke 2de dag beloon word!

Hou fyn dop – met die **krieketwêreldbeker 2023** sal julle beslis weer hoor van Danie van Zyl, Izak Wolfaardt, Janco van Staden, Ian Potgieter en Kobus van Zyl .

Diaan Marais

leandiedurandt 3w



1 463 likes

leandiedurandt Ek word 'n Bosch vroutjie!

leandiedurandt 3h



513 likes

leandiedurandt Oor 'n MAAND begin STRIKDAS wys @strikdasmovie met @kazmcfadden "Wees altyd jouself al is dit hoe ongemaklik soms"



624 likes

leandiedurandt Besig om te skryf skryf skryf! #excitingnewproject #carpediem #2016 #watchthisspace Dankie @eyewearboutique vir my 2de stel oë

## Dans jou litte los

"Dancing enables you to find yourself and lose yourself at the same time."

Op die 24ste Februarie 2015 is die hoërskool se revue oudisies gehou. JufJu-Mari, juf Estelanie en juf Militia het koppe bymekaar gesit om 'n groep te kies.

Almal se senuwees was gedaan. Dit was 'n uur gevul met spanning.Eers is die dans vir almal geleer en daarna kon ons 'n rukkie oefen. Toe is dit tyd, dat groep vir groep dans. Nadat elke groep 'n kans gehad het, het juffrou Ju-Mari van die kinders deurmekaar geroep om 'n paar mense weer oor te bekyk.

Almal het gedink die spanning is verby totdat hulle gehoor het daar gaan 'call backs' wees. Twee dae later is die 'call backs' gehou en die spanning het weer van voor af hoog geloop.

Vir sommige was die oudisies belangriker as vir ander, want vir hulle is dans nie net 'n sport nie, maar wel 'n leefstyl"

Ons sê baie geluk aan almal wat gekies is vir 2015 se revue. Ons sien uit om julle te sien.

Naomi Fourie

# Oud-Zassie,nou Springbok Hoofsweep,

## Gesels eksklusief met die Eggo

**Die witkop in die groen-en-goudbaadjie wat altyd langs Heyneke Meyer staan, terwyl hulle die volkslied sing, is ONS man!**

*Mnr. Ian Schwartz* is die Springbok rugbyspan se bestuurder. Hy is egter ook 'n oud-Zastronner en oud-Zassie, sy pa, oom Des Schwartz is steeds hier in ons midde en 'n ou legende.

Ons het met oom Ian gaan gesels om hom beter te leer ken en hier is wat hy te sê gehad het:

<u>Wanneer was Oom in matriek hier in Hoërskool Zastron?</u>
Ek was 'n matrikulant in 1984..

<u>Wie kon die hardste slaan in Oom se tyd?</u>
Ons houtwerkonderwyser, Mnr. Lappies Labuschagne beslis! Gelukkig het Mnr. van Zyl by hom oorgeneem.

<u>Wat sal Oom se raad wees aan Hoërskool Zastron se eerste span? (Hulle is amper NET so goed soos die bokke, Oom!)</u>

Ek twyfel nie daaroor nie en ek hoop regtig in die nabye toekoms kan ek die eerste Springboktrui oorhandig aan 'n leerder van Hoërskool Zastron wat die Springbokspan as speller maak.

Eerstens moet jy 'n span wees en nie 'n klomp individue nie. Dit beteken elkeen is ewe belangrik met dieselfde verantwoordelikheid. (There is no **"I"** in **"TEAM"**.)

Tweedens moet elkeen dieselfde gemeenskaplike oogmerk en visie hê. As julle saam besluit om die 2015 seisoen onoorwonne deur te gaan, is daar 'n goeie kans dat dit sal gebeur. Skryf jou span se doelwitte neer, skryf jou eie doelwitte neer en doen alles in jou vermoë om dit te bereik. Ek gaan vir julle doelwitte vra as ek afkom vir die wedstryd.

Derdens moet jy die prys betaal. Enigiets is maklik op papier of in woorde, maar as jy onoorwonne wil wees, gaan jy die prys moet betaal en die ekstra myl gaan. Jy gaan harder moet oefen as enige ander span om te doen wat van jou verwag word. As die afrigter besluit die span oefen more 5uur in die oggend moet ALMAL daar wees.

Die vierde ding is dat julle dit moet geniet. Geniet elke oomblik saam as 'n span. Geniet mekaar se teenwoordigheid en doen iets anders as rugby saam. Niks in die lewe is tog lekker as jy dit nie geniet nie.

En laastens moet julle nooit ooit ophou om te droom nie. Onthou net, jy moet wakker word om jou droom waar te maak anders bly dit net 'n droom.

<u>Wie is Oom se gunsteling bok? (Ons sal nie uitpraat nie!) En hoekom?</u>
My gunsteling bok is 'n Springbok. Ek het geen gunsteling bok nie, want almal is baie spesiaal op sy eie manier. As ek egter 'n dogter gehad het, het ek dit maklik geantwoord – Pat Lambie

**Ek sal altyd 'n Zastronner wees. Beide my seuns is daar gebore en gedoop. Ek is daar getroud en my Pa en my skoonfamilie bly daar. Een keer 'n week is ek op die skool se webtuiste en hou my op hoogte met die nuutste verwikkelinge en suksesse. Ek is 'n trotse Zassie!**

**Dit is vir al ons Zassies rugbymanne 'n voorreg om te kan sê dat Oom aan die voet van Aasvoëlberg grootgeword het. Dat Oom op dieselfde banke as ons gesit het. Dat Oom ook Facta Non Verba geleer en geleef het. Dat Oom 'n Zassie is in murg en been!**

Diaan Marais

# Toer! Toer! Toer!

Netbal:

Ons o/12, o/13 en o/15 meisies toer na Konka in Magaliesburg. Op Konka fokus hulle op die ontwikkeling van belangrike leierskap- en lewensvaardighede en die bou van 'n sterk en gesonde selfbeeld. Daar is ook baie vermaaklike en opwindende aktiwiteite. Die meisies gaan afrigting deur professionele afrigters kry. Hulle gaan ook wedstryde speel. Daar is ook opwindende spanbou ervarings en groep dinamiese oefeninge. Dit klink na baie pret!!

Die eerste netbalspan gaan Clarens toe. Die juweel van die Vrystaat! Daar gaan die meisies baie vaardighede aanleer om hul spel te verbeter, asook spanbou-aktiwiteite. Hulle gaan ook wedstryde speel. VET PRET!!

RUGBY:


"THE ONLY PAIN IN RUGBY IS REGRET!" Die o/13-rugby span gaan Margate toe, o/16-span Vrede toe en ons eerste span Parys toe. 'n Rugbytoer is een van daardie geleenthede waar spanmaats mekaar beter kan leer ken en egte verhoudings met mekaar opbou. Spanbou en spangees word ontwikkel. Dan is daar ook wedstryde waar hulle die ander spanne kan wys waarvan hulle gemaak is .

Hokkie:

Die hokkiebokkies toer na die Noord-Wes Universiteit, PUKKE! Daar gaan hulle wedstryde op die astro speel wat klink na reuse vet pret. Dan is daar 'n bietjie vrye tyd en...oefen, oefen, oefen!!

Almal gaan sekerlik baie fiks terugkom. So mammas en pappas....moenie kla wanneer dit toertyd is nie. Daardie geld wat uit jul beursies soos bye gaan uitvlieg is alles maar die moeite werd!!...

NWABISA MDLADLAMBA




Besoek gerus ons **WINKEL** in
Gustavus str 22, ZASTRON
Tel : 051-6731035
Vir Handgemaakte Geskenke, Vele verrassings...

Die heerlikste tuisgemaakte Pasteie , Ystee en vele meer!
Kafeteria – Hoërskool ZASTRON

# Vra vir dokter Zeske

*Liewe dr. Zeske*

*Ek weet nie eintlik hoe die storie werk nie, maar ek benodig raad en daar word gesê u het tonne daarvan, so here goes!*

*Ek is moedeloos! Elke jaar doen ek my bes om in 'n span te kom en in die revue, maar ek is nooit goed genoeg nie. Dis so onregverdig, party kinders probeer nie eers rerig nie en dan kom hul in en ek werk my gat af, maar niks...my ma sê elke mens het sy doel en talente, maar ek weet nie meer so lekker nie. Hoop u het vir my 'n antwoord.*

*Liefde Moedelose Probeerder*

Liewe Moedelose Probeerder

Jy ervaar 'n gevoel wat duisende tieners wêreldwyd ervaar. Op julle ouderdom fokus julle so op wat vir ander mense belangrik is dat jy perspektief verloor. **Almal is uniek, niemand het dieselfde vaardighede of talente nie.** Die Here het elkeen van ons toegerus met sy eie stel vaardighede om Sy doel op aarde te bereik. Dalk moet jy ophou fokus op wat jy nie bereik nie en jouself beter leer ken sodat jy weet wat jy wel kan bereik. **Probeer nuwe dinge, jy ontdek dalk verskuilde talente waarmee jy almal gaan verras.**

Geniet die ontdekkingsreis!

Dr. Zeske

Dokter Zettie

Ek's so bly dokter kon uiteindelik 'n tydjie kry om met my te gesels. Ek is uiteindelik na 2 jaar se probeer in die revue nadat ek 2 jaar die ligte vir hulle gedoen het. Ek gesels positief vandag met dokter, want ek het nog geen negatiewe gevoelens nie.

PS. Die moves is baie vinnig

*Liewe dokter Zeske*

*Ek het onlangs met 'n nuwe outjie begin chat op whatsapp. Hy is van 'n ander dorp en heelwat ouer, my niggie het my nommer vir hom gegee. Daar was dadelik 'n spark tussen ons en ek kon nie wag om na skool by my foon te kom om met hom te chat nie. Een aand het hy boodskappe gestuur wat my ongemaklik laat voel het, maar ek was bang dat hy belangstelling sou verloor as ek ophou praat met hom. Ons praat nog steeds elke dag, maar hy hou aan karring dat ek vir hom goed moet stuur waarmee ek nie gemaklik is nie. Wat nou?!?*

*Anoniem*

Liewe anoniem

Hierdie seun klink na bad news! Moenie dat hy jou beïnvloed vir wat hy wil hê en dan verloor jy jou waardes en selfrespek nie. **Dit is nie die moeite werd om jouself prys te gee net om aandag te kry nie.** Vergeet van hierdie ou. Ek is seker daar is klomp oulike seuns in jou klas wat jou waardes gaan respekteer en jou gaan toelaat om jouself te wees!

Dr. Zeske

Hierdie kwartaal wil ek nie net my hoed afhaal nie, sommer my skoene ook uittrek, vir 'n man wat altyd bereid is om te help. Met die atletiekbyeenkoms, sokkies, verlore kinders te soek, (tot in die begraafplaas). Ek haal vandag my hoed af vir **Johan Joubert...!!**

## Onderwyseresse se kleredrag

Die top 5 besgekleede juffies:

**Juffrou Carien Lombard**

**Juffrou Patsy Steenkamp**

**Juffrou Marietjie Venter**

**Juffrou Estelanie Vorster**

**Juffrou Ju-Marí Hugo**

(In geen spesifieke volgorde nie. )

Die juffrouens wat nou nie die "cut" gemaak het nie, dalk volgende keer.

Die skool kinders let meer op die juffrouens se kleredrag, as die werk.

Madri Gonsen

## Vat jou vir 'n sot (grap ja!)

Met 'n doef-daf kry die sotte die gehoor se aandag. Kameras orals waar jy kyk, want die ouers van die sotte is drie keer meer opgewonde as die sotte self.

'n Matriekseun dink meer van sy lyf as van sy boeke . Die gym word hulle tuiste . Van Marco tot AJ ,ja AJ !! In die aande verander koshuiskamers in "spa's" ,nadat hulle gegym het - het hulle plekke wat PYNLIK SEER is !? Sonder Hendrico sou die sotte swaar gekry het...NEE wag ,ek het gedog hy gaan help, maar hy het hul ook as 'n 'target gebruik om sy skietvernuf te oefen.

By die meisiekoshuis kry ons matrieks met styl . En 'n paar "beauty pagents ". Moet Patrys 'n fotograaf of model word?... en Janet moet net gou, baie gou met Johnny trou.

Daar is net een held in die Matriekklas... Peter . Hy sal in sy slaap vir jou baklei ,LETTERLIK . "THE QUEEN IS NEVER LATE ,BUT THE OTHERS ARE ALWAYS EARLY."

Mmm ...Azile ,praat van 'n ego en 'n half .

En die seuns kan mos nou nie meer sonder hul 'karre' leef nie. As jy na skoolure op ons skoolgronde kom sal jy dink dis 'n behoorlike sokkie , die mense wat daardie motors ry is beslis halfpad doof.

Wyse woorde ;

"LAG IS LEWE ,WAAROM ANDERS DOEN? WAAROM GROOTWORD? JONKWEES BRING BAIE MEER MORES "

Zizi

## Praat Afrikaans of hou jou bek

Afrikaans is modern, inpas met tyd en beslis nie aan die uitsterf nie!

Zassies se taalkibboets tak is een van die springlewendige jeugtakke van die ATKV wat hulle beywer om Afrikaans op 'n pretwyse te bevorder.

'n Paar van die wonderlike projekte waarna julle kan uitsien is:

-Spel kompetisie

-Idioom-modeperade

-2 Liter bottels-fondsinsamelingprojek

Kom deel gerus in die pret, want soos Amanda Strydom sing, kan ons Zassies ook rock in ons taal!

Wiané Marais



Wilgers Kafee

Tel: 051 683 1199

Tasty

Take-Away Treats

# Lewe na die blouroktronk

Twaalf jaar op die skoolbanke en dan kan hulle gewoonlik nie WAG om die wonderlike wye wêreld in te vaar nie. Daardie wêreld kan soms egter ontnugterend wees. Ons het gaan kers opsteek by 'n paar oud -Zassie legends.

**Wat doen jy deesdae?**

**Van Zyl:** Ek is tans 'n student en studeer B.com Regte by die PUK maar my voltydse beroep is om saam met vriende uit te hang en te braai.

**Hoe ervaar jy die lewe na Hoërskool Zastron?**

**Minett:** Sover is dit BAIE lekker, studentelewe is DIE lewe, en daai wat hulle sê 'n student het nooit geld nie, dit is waar!!!

**Luzé:** Dit was GLAD nie wat ek verwag het nie! Dis lekker, maar dis rof. Om uit 'n beskermde omgewing soos Zastron te kom na die stad is nie maklik nie en mense hier se waardes verskil van ons plattelanders s'n.

**Wat geniet jy die meeste van die lewe aan die "ander kant"?**

**Luzé:** Ek moet bieg die vryheid is die lekkerste. Om aan niemand verantwoording te doen nie en elke oggend laat te slaap!

**Wat is vir jou die lekkerste van die universiteit?**

**Minett:** Ek kry nie baie huiswerk soos op skool nie. Al die mense wat ek ontmoet. Elke dag ontmoet 'n mens iemand nuuts, want hier is so baie mense, en mens kry jóú tipe mense, glo dit of nie, ek het meer meisievriende as wat ek seunsvriende het. X_x

**Wat mis jy die meeste van ons skool?**

**Van Zyl:** Die rugby! Dit was bitter lekker om uit te draf vir jou skool en na skool beleef mens nie so eenheid nie. Ek mis ook pouses voor die kaf en die lekker tye in Venterhuis en my skoolvriende.

**Luzé:** Ek mis die band!! En om heeltyd lekker (wettig of nie) dinge saam met pelle te doen sonder te veel nagevolge. En ek mis die min leer vir toetse!

**Wat mis jy glad nie van skool nie?**

**Minett:** Ekstra klas!!!!!! Huiswerk.. Skool...

**Luzé:** Die raaskry. Ek was baie meer in die moeilikheid as wat dit lekker was.

**Wat is jou drome vir die toekoms?**

**Van Zyl:** Wel ek is hier om te studeer, so ek wil my graad klaar maak en miskien 'n jaar Honneurs doen. Maar ek wil nogsteeds soveel doen as wat ek kan terwyl ek op universiteit is en steeds is my groot droom om musiek te maak vir die res van my lewe.

**Wat sal die kind wat jy eens was dink van die grootmens wat jy nou geword het?**

**Luzé:** Ek hoop sy sou trots wees. Ek het toe nou nie in Britney se voetspore gevolg soos wat ek in graad 2 wou nie, maar ek dink nie ek het toe geweet dat ek so graag saam met Wilmé in Afrika wou toer en weeskinders help nie, so ek glo my sielkunde en haar aptekersgraad sal ons meer baat as 'n mikrofoon.

**So, wie was jou gunstelingonderwyser en hoekom?**

**Minett:** Juffrou Flos, ek het haar sarkasme ongelooflik baie geniet.

**Van Zyl:** Ek kan nie een uitsonder nie! Al dink hulle nie so nie en het ek dit nooit laat blyk nie is daar 'n hele paar wat vir my baie beteken het!

**Luzé:** Juf Ju- Mari, want sy het saam met my gespeel en saam met my gehuil. Sy het my paraat gemaak vir die wêreld en sy het my herinner dat 'n mens nooit te oud is om te droom nie.

**Wat is jou gunsteling herinnering aan die groot blou Z?**

**Van Zyl:** Ek moet sê dat ek nogal Zastron self mis en dat ek die mense ook mis, ek mis daardie klein dorpie gevoel!

**Wie of wat het die grootste impak of indruk op jou gemaak gedurende jou Zassies loopbaan ?**

**Minett:** Mnr Dawie, hy is vir ons almal 'n groot inspirasie, deur net te kyk wat hy alles vir die skool gedoen het, hoe die skool ontwikkel het vandat hy daar is.

**Van Zyl:** Juf. Ju-Mari! Sy't my gedruk om als te doen wat ek kon en dit is baie tot voordeel vir my huidiglik! Want dit het my ook laat glo dat niks eintlik onmoontlik is nie en as jy probeer kan jy enigiets doen! Mens moet nie 'n one-trick horse wees nie! Sy het ook altyd in my geglo!

**Luzé:** Juffrou Amanda, sy het in my geglo selfs toe ek nie in myself wou glo nie.

**Ons bid seën en vreugde en sukses oor elkeen van ons oues– mag jou Zassies wortels jou genoeg anker om hoog te kan vlieg. Julle maak ons trots!**

Wiané Marais en Naomi Fourie

Vegchtkopstraat 9
Zastron


Gariep Tombco trading as:


MADERA GRAPHIC DESIGNS & SIGN WRITERS

Die vriendelike, hulpvaardige span wat u belange op die hart dra

Tel: 051 673 1140 / 083 532 4678 / 084 581 8623

Balkies


Geheuestokkies


Agente vir Altitude Clothing and gifts:



Ons maak:
Balkies, plakate, baniere, magnete van yskas tot motor, padtekens, naamborde, 'teardrops' en vele meer!

Ons druk:
Bekers, foto's, op klere, sakke en omtrent enige iets.

# Raai die onderwyser

Lank, lank gelede was die mense wat vir jou skool gee ook klein en oulik. Kom ons kyk bietjie of jy kan raai wie is wie. Skryf op 'n bladsy die nommer en die naam van die onderwyser wat jy dink op elke foto is en gee jou inskrywing saam met 'n R5 vir Naomi. Die leerder wat die onderwysers reg raai, sal 'n prys wen.

a.


b.


c.


d.


e.


f.


g.


h.


Dankie aan Ware Woorde vir die kleur druk!

# Inkleur kompetisie

Wenners

Graad R
Danielle



Graad 2
Kamo



Graad 1
Lynley



Graad 3
Lurisa

